



Bestuur van gevaarlike afvalstowwe

Tipe dokument:	Beleid
Doel van die beleid:	Om die handeling en optrede te rig van personeel en studente wat by die skeep, hantering, berging en verwydering van gevaarlike afvalstowwe betrokke is, ter voldoening aan beste praktyk, veiligheidsvereistes en statutêre voorskrifte
Goedgekeur deur:	US Raad
Goedkeuringsdatum:	9/12/2011
Implementeringsdatum:	
Datum van volgende Hersiening:	Soos nodig
Datum(s) van vorige Hersienings:	
Beleideienaar¹:	Uitvoerende Bedryfshoof
Beleidkurator²:	Hoofdirekteur: Fasiliteitsbestuur
Sleutelwoorde:	Gevaarlike afvalstowwe, omgewingsbestuur, avalbestuursprosesse
Geldende Weergawe:	Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar.

US Beleide is beskikbaar by www.sun.ac.za/policies

¹ Beleideienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikeheidsentrum waarbinne die beleid funksioneer.

² Beleidkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.



BELEID VIR DIE BESTUUR VAN GEVAARLIKE AFVALSTOWWE

[Soos goedgekeur by die Raadsvergadering van 12 September 2011]

Inleiding

Tydens navorsings-, onderrig- en bedryfsprosesse skep fakulteite en ander omgewings van die Universiteit Stellenbosch (US) deurlopend huishoudelike, elektroniese, chemiese en biologiese afval. Dié afvalstowwe hou risiko's in vir die omgewing, vir die werkplek én vir mense. Hierdie beleid lê die grondslag vir bedryfsprosedures vir die bestuur en verwydering van sodanige gevaarlike afvalstowwe. Dit maak deel uit van omgewingsbestuur in die strewe na voldoening aan omgewingswetgewing. Nie-nakoming van hierdie beleid kan die veiligheid en gesondheid van personeel, studente en besoekers sowel as die beeld van die US skaad.

Doel

Hierdie beleid het ten doel om die handeling en optrede te rig van personeel en studente wat by die skep, hantering, berging en verwydering van gevaarlike afvalstowwe betrokke is, ter voldoening aan beste praktyk, veiligheidsvereistes en statutêre voorskrifte. Voorts wil die beleid risiko's bestuur, soos die met betrekking tot wetgewing, openbare beeld en finansies, én enige moontlike negatiewe uitkomst temper.

Bepalings

1. Die US is verbind tot verantwoordelike omgewingsbestuur deur doeltreffende afvalbestuursprosesse. Dit sluit die verwydering van vaste, biologiese en chemiese afval, bloedmonsters, sowel as mens- en dierweefsel in.
2. Die US is verbind tot voldoening aan veral die volgende statutêre voorskrifte:
 - Die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur: Afval (Wet 59 van 2008)
 - Die Nasionale Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid (Wet 85 van 1993)
 - Die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (Wet 107 van 1998)
 - Die Asbesregulasies (Goewermentskennisgewing R.155 van 2001)
3. Benewens voldoening aan voormelde statutêre vereistes, is hierdie beleid ook in pas met ander toepaslike beleid van die US, soos die Beleid oor Volhoubaarheid.

4. Alle omgewings wat afvalstowwe skep, hetsy gevaarlik óf nie-gevaarlik, is onderworpe aan die praktyke wat in die US se bedryfsprosedures vir die bestuur van afvalstowwe voorgeskryf word, ten einde afvalstowwe te verminder of selfs te vermy.
5. Die aankoop van chemikalieë en materiale wat tot gevaarlike afvalstowwe kan lei, moet tot die minimum beperk word om oortollige stowwe of vermorsing daarvan te voorkom.
6. Omgewings wat gespesialiseerde grondstowwe soos uraan, goud en ander edelmetale vir navorsingsdoeleindes gebruik, is verantwoordelik om permitte te bekom vir die verkryging, berging en aanwending van, sowel as wegdoening met, hierdie materiale, soos tersaaklike wetgewing dit omskryf.
7. Chemiese stowwe en materiale wat tot gevaarlike afvalstowwe aanleiding gee, moet sover moontlik herbruik word.
8. Omgewingshoofde (verantwoordelikhedsentrumhoofde en dekane) is oorhoofs verantwoordelik vir afvalbestuur sowel as vir die aanwys van 'n kontakpersoon wat as skakel tussen die betrokke omgewing en die Afdeling Eiendomsdienste sal dien. Elke departement moet ook 'n verteenwoordiger as departementele koördineerder van afvalbestuursprosesse aanstel.
9. Omgewingshoofde (verantwoordelikhedsentrumhoofde en dekane) is verantwoordelik om toe te sien dat toerusting wat gevaarlike stowwe bevat, soos laboratorium- en rekenaartoerusting, batterye en gloeilampe, herwin word.
10. Dié beleid word ondersteun deur toepaslike bedryfsprosedures, wat jaarliks hersien en bygewerk word. Die Afdeling Eiendomsdienste is verantwoordelik vir die samestelling, bywerk en verspreiding van die bedryfsprosedures.
11. Die bedryfsprosedures is beskikbaar by http://sun025.sun.ac.za/portal/page/portal/Staff_Personeel/Portaal_Tuisblad/Beleid_Prosvorms
Teken asseblief aan met u gebruikersnaam en wagwoord. Die dokument is beskikbaar onder die skakel "Fasiliteitsbestuur".

Kontakpersoon

Direkteur: Eiendomsdienste